

## Maandag 16 Mei

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:18-27; HK Sondag 12, Vraag 32**

**Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:20**

### Die Christen as gesalfde

Soos die Vader Christus gesalf het, so salf Christus ons nou ook met die Heilige Gees sodat ons Christene en derhalwe profete, priesters en konings kan wees. Dit is wat Johannes (2:20) ook aan ons voorhou as hy sê: “*Julle is egter deur die Heilige Gees gesalf en julle ken almal die waarheid.*” Met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag is al die lidmate van kerk tot profete, priesters en konings gesalf. Hierdie drie ampte verteenwoordig die mens se hele lewe. Ons kan immers sê dat die profetiese op die verstand dui, die priesterlike op die hart en die koninklike op die hand. Elke gelowige is dus met verstand en hart en hand ’n gesalfde van die Here en moet Hom ook as sodanig met oorgawe dien.

Hierdie salwing beteken dat God ons *uitgekies het* om ’n taak in die wêreld te verrig; dat die Here ons deur sy Heilige Gees met ’n Christelike opvoeding, kerkisasie en prediking toegerus en *bekwaam gemaak het* vir die taak; dat die Here ons ook die *opdrag gegee het* om die taak te gaan vervul, naamlik om die lig vir die wêreld en die sout vir die aarde te wees. Dit moet ons doen deur die evangelie van Jesus Christus as Verlosser in hierdie wêreld in te dra. Dit is wat dit beteken om gesalfdes van die Here te wees. Die Here het ons ook daarvoor toegerus, want Johannes sê: “... *julle ken almal die waarheid.*” Trouens, as ons die waarheid ken dat Jesus Christus die Seun van God en ons Verlosser is, weet ons alles wat ons moet weet om ons roeping as Christene te kan vervul. Kragtens ons salwing met die Heilige Gees het ons daardie kennis.

In die lig hiervan is dit duidelik dat daar ’n baie groot roeping en verantwoordelikheid op ons rus. God het ons deur die salwing met die Heilige Gees uitgekies en toegerus om as Christene in die amp van die gelowige ons taak en opdrag te vervul: ons moet lewe volgens die wil van God; ons moet ons lig laat skyn; ons moet van Christus getuig; ons moet mense se standpunte op die proef stel en beoordeel in die lig van die Skrif; ons moet binne en buite ons eie lewe afbreek wat verkeerd is en opbou wat volgens God se wil is. As ons dit nie doen nie, bedroef ons die Heilige Gees waarmee ons tot profeet, priester en koning gesalf is (Ef. 4:30). Aan die ander kant is ons juis deur die salwing met die Heilige Gees toegerus met kennis wat ons die troos kan gee wat die ongelowige nooit kan kry nie: ons behoort aan die Here en niks kan ons ooit van sy liefde skei nie (Rom. 8:38, 39).